Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

13 Februarie 2026

**OMSENDBRIEF 5/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskoolatletiek:** Op Saterdag **14 Februarie 2026** neem 14 van ons atlete deel aan die Noord-Bolandbyeenkoms in Worcester. Baie geluk aan **Jade Moses**, **Leehani James**, **Wilhelm de Wet**, **Philp Jonker**, **Bernard Schoeman**, **Junior Smith**, **A-Jay Tamboer**, **Zack van Wyk**, **Eldine Jumbo**, **Mixante Beyers**, **Mikhail Arnolds**, **Jaston Conradie**, **Taylin Lourens** en **Luan du Toit** wat opgeneem is in die Langebergspan. Ons is baie trots op hierdie groep leerders wat ons skool daar gaan verteenwoordig. Ons wens hierdie atlete alle sterkte toe. **Gaan doen jou bes en hou ons Bonnie-naam hoog.**

2. **Hoërskoolatletiek:** Op Saterdag **14 Februarie 2026** neem 25 van ons atlete deel aan die Noord-Bolandbyeekoms op Bonnievale. Baie geluk aan hierdie groep atlete! Ons hou julle vordering dop en hoop dat elkeen sy/haar beste sal lewer en dat dit goed sal gaan. Go Bonnies! Ons sê ook sommer nou al baie dankie vir harde werk en baie tyd wat ingegaan het met die voorbereiding van ons terrein en atletiekbaan. Mnr. **Darius van Loggerenberg**, Mnr. **Rian Boshoff** en al die **terreinpersoneel** – ons waardeer julle verskriklik! Dankie ook aan al ons ander onderwysers en VRL wat vroeg opstaan om ons terrein gereed te kry vir die Noord-Bolandbyeenkoms. **Julle is staatmakers!**

3. **Tweekamp:** Die afgelope naweek was die Tweekamp Interprovinsiale byeenkoms in Oudtshoorn. **Wian Fourie**, **Juandré Rheeders**, **Liana Rheeders** en **Else-Mari Fourie** het 'n goeie dag op die baan en in die swembad gehad. Spesiale geluk aan die twee seuns met hulle uitslae. Wian Fourie was 9de en Juandré Rheeders was 13de. Wian, Juandré en Liana het elkeen ook hulle PB verbeter. **Baie geluk!** Ons hou julle die res van die seisoen dop.

4. **Bedanking:** Baie dankie aan **Corné Pieterse** van Pieterse Ingenieurswerke wat ons pawiljoen se pale GRATIS herstel het. Hy gaan ook die reëlings van die pawiljoen herstel. **Ons Bonnies waardeer dit baie!**



5. **Leerling- en bestuurslisensies:** Leerders by HSB kan by die skool hulp kry met leerlinglisensies en bestuurslesse teen 'n fraksie van die koste van privaat bestuurskole. Maak gerus by mnr. Rian Boshoff 'n draai of kontak hom per e-pos by rboshoff@hsbonnievale.co.za

6. **SBL tussenverkiesing:** Daar bestaan tans 'n vakante posisie vir die voorsitter van die OOK-portefeulje op die SBL. Dit is iemand wat as skakel optree tussen die ouers en die skool vir alle funksies en geleenthede, asook in beheer is van reël van snoepies by sportgeleenthede. Die amptelike verkiesing vind plaas op **2 Maart**. Inligting sal nader aan die tyd deurgegee word. Die kiesersrol sal by die kantoor beskikbaar wees vir besigtiging. Nominasies skriftelik by die kantoor gedoen word.

7. **Redenaars:** 'n Redenaarswerkswinkel vir hoërskool- en laerskoolleerders word **Woensdag 18 Februarie** aangebied om leerders toe te rus met die basiese vaardighede om met selfvertroue te praat. Tyd: 14:30 - 15:00.



8. **IGO ontvang 'n GROOT geskenk:** Ons wil graag ons opregte dank en waardering uitspreek aan **Thys du Toit**, 'n voormalige Bonnie, vir die borg van **IGO-modelle** aan ons skool. Hierdie ruim bydrae maak 'n betekenisvolle verskil in ons onderrig en leerervaring, en sal 'n blywende impak op ons leerders hê. **Ons is baie dankbaar vir die ondersteuning en belegging in die toekoms van ons leerders.**



9. **Dissipline:** Die meeste van ons leerders werk baie mooi saam en hou by ons skoolreëls. Ongelukkig is daar steeds 'n paar leerders wat klasse ontwrig en nie altyd doen wat van leerders verwag word nie. Die SBL het in samewerking met die skool 'n paar wysigings aan die gedragskode aangebring wat vanaf volgende week geïmplimenteer sal word. Dit spreek o.a. leerders aan wat detensies vermy of ontwrig, of leerders wie se gedrag onaanvaarbaar is omdat hulle moontlik onder die invloed van verbode middels is. Die volledige gedragskode kan by die kantoor besigtig word, en sal ook op die skool se webwerf geplaas word. Besonderhede sal Maandag in die saal met leerders bespreek word sodat daar geen misverstande is nie. Ons moedig ons ouers aan om die belangrikheid van respek en samewerking by hul kinders vas te lê en te versterk. Ons is 'n span!

10. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 13 Feb. | HS Tennis vs Robertson (weg) |
| Sa. 14 Feb. | Atletiek HS Noord-Bolandbyeenkoms (HSB)<br>Atletiek LS Noord-Bolandbyeenkoms (Worcester) |
| Di. 17 Feb. | LS Tennis vs Worcester Primêr (tuis) |
| Wo. 18 Feb. | o.19 Krieket vs Swellendam (tuis)<br>Laerskool Swellendam Swemgala |
| Do. 19 Feb. | o.11 Krieket vs Swellendam (weg)<br>o.13 Krieket vs Swellendam (tuis) |
| Sa. 21 Feb. | Mini-krieket te Worcester Primêr<br>Tweekamp te Hoërskool Hugenote |
| Di. 24 Feb. | LS Gericke Swemgala<br>LS Tennis vs Robertson (tuis) |
| Do. 26 Feb. | o.19 Krieket vs Swellendam SS (tuis) |
| Vr. 27 Feb. | HS Boland byeenkoms |
| Sa. 28 Feb. | HS Boland byeenkoms |
| Wo. 4 Mrt | Juf. Suzaan Jordaan verjaar |
| Sa. 7 Mrt. | Mini-krieket te Koue-Bokkeveld |
| Di. 10 Mrt | 2027 Inskrywings vir gr.1 & gr.8 open |
| Vr. 13 Mrt | HSB Swemgala |
| Sa. 14 Mrt | HSB Mini-gholfdag |
| Ma. 16 Mrt | Juf. Belinda Oosthuizen verjaar |
| Wo. 18 Mrt | LS Redenaars by Klubhuis |
| Do. 19 Mrt | HS Redenaars by Klubhuis |

| | |
|---|---|
| Vr. 20 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Sa. 21 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Do. 26 Mrt | Juf. Tanya van Heerden verjaar |
| Vr. 27 Mrt | Skole sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

> "As wen so maklik was, sou verloorders dit gedoen het."

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

